

Chapter seven further explores the medical students' political activism and the consequences thereof between 1970 and 1980. The author focuses on the involvement of medical students in the politics of the South African Students Organisation (SASO) and the African National Congress (ANC). The chapter shows the ways in which students protested against apartheid policies.

The penultimate chapter focuses on the legacies of medical-education struggles in the post-apartheid education arena. Additional challenges, such as the HIV and AIDS pandemic facing the health sector, and their impact on the province of KwaZulu-Natal, are discussed.

The author concludes with a short, reflective chapter. In it, Noble (2013:336) summarises many of her thoughts as follows:

*Over nearly half a century, segregated medical education in Durban developed as a site of great struggle against apartheid and a setting of deep contradictions. The provision of medical education in South Africa was always political in nature.*

The book is a well-researched, well-argued, clear discussion of the topic and is presented in an engaging manner. As such, it contributes new knowledge to the history of education in the medical sector. The author has succeeded in offering a holistic, detailed historical exposition of problems prevalent in South Africa's medical education system. *A school of struggle: Durban's Medical School and the education of black doctors in South Africa* enhances our understanding of the deeply rooted historical challenges a medical student faced in South Africa, as well as the painful consequences and impact of apartheid on medical education.

### *Op die spoor van die Groot Trek*

**(Voortrekkerleiers en trekroetes, Die Erfenisstigting, Pretoria, 2014, 132 pp.  
ISBN 978-0-9870202-5-3)**

**Jan C Visagie**

Johan de Villiers  
*Navorsingsgenoot UZ, Stellenbosch*  
johanceciledev@gmail.com

Die Groot Trek as landsverhuising in die dekade 1835 tot 1845 is een van die epiese gebeurtenisse in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die oorsake, verloop

en impak van hierdie uittog uit die destydse Kaapkolonie is al voorheen deeglik nagevors deur historici, maar die detail oor spesifieke trekroetes van die verskillende geselskappe het agterweë gebly of is nooit volledig geboekstaaf nie.

Die historikus Jan Visagie het nou vir die Erfenisstigting 'n produk gelewer wat die verskillende trekroetes noukeurig identifiseer. Sy werk is meer as 'n blote padkaart met roete-aanduidings. Dit verskaf noodsaaklike inligting oor 30 bekende en minder bekende trekleiers (tabel pp 18 en 19). Hulle herkoms, vertrekdatums en onderskeie getal volgelinge word duidelik aangedui.

Die groot aanwinst van hierdie publikasie is vyf volkleur oopvou-kaarte met eietydse plekname en huidige benamings wat die Oos-Kaapse, Wes-Kaapse, Noordoos-Kaapse, Transgariëp en Natalse Voortrekkerroetes uitbeeld. Die skrywer het talle geografiese hindernisse en ander vereistes probeer vasstel deur argivale navorsing en veldwerk ter plaatse. Dit is duidelik dat die destydse trekgeselskappe slegs na vooraf verkenning van die terrein en beplanning van roetes die Kolonie in verskillende periodes verlaat het.

Visagie se werk sal belangstellendes in staat stel om op die voetspoor van die Voortrekkers hulle pionierstrekke na te volg. Sulke waarnemers sal nou 'n realistiese blik kan kry op die soms onherbergsame terrein (berge en riviere) wat die trekkers met hulle swaargelaaide ossewaens en veetroppe moes oorsteek. Die spesifieke roetes is andersyds ook bepaal deur die ervaring van jagters en trekboere wat die beskikbaarheid van weiveld en oop ruimtes aan hulle kon mededeel.

Toepaslike foto's, verklarende voetnote, 'n stewige bronnelys en handige register is 'n aanwinst in hierdie publikasie. Dit dien ook as belangrike aanvulling by Visagie se bekroonde werk oor Voortrekkerstamouers wat deur Protea-uitgewers bemark word. Voornemende toeriste en omgewingskundiges sal hierdie studie onontbeerlik vind in hulle soeke na 'n volledige en noukeurige uitbeelding van die Groot Trek.